3.2 Skryf die korrekte vorm van die vetgedrukte, onderstreepte woord
Prinses Charlotte Elizabeth Diana is nie die **een** prinses van Cambridge nie. 1

3.3 Skryf die oortreffende trap van die vetgedrukte, onderstreepte woord.
Die **jong** prinses het met haar neef Frederik Willem van Mecklenburg-Strelitz getrou. 1

3.4 Skryf die korrekte teenoogestelde geslag vetgedrukte, onderstreepte woord.
**Prinses** Mary is amper 200 jaar gelede in 1833 gebore. 1

3.5 Skryf die volgende sin in die teenwoordige tyd.
Mary Adelaide was nie baie soos haar "uitgeslape, intelligente" jonger suster nie. 1

3.6 Herskryf die volgende sin in die negatiewe vorm.
Een van haar kinders het op die troon beland. 1

3.7 Skryf die meervoud van die vetgedrukte, onderstreepte woord
Hulle was die eerste **prinses** wat dié titel gehad het. 1

3.8 Skryf die verkleining van die vergedrukte, onderstreepte woord
Mary het 'n dogter en drie **seuns** by hom gehad. 1

3.9 Skryf die vergedrukte, onderstreepte nommer as 'n woord.
Sy was op (3.9) **30** steeds ongetroud. 1

3.10 Korrigeer die spelling van die vetgedrukte, onderstreepte woord
Mary se dogter was 'n **ginsteling** van koningin Victoria. 1

3.11 Skryf die antoniem van die vetgedrukte, onderstreepte woord
**Ongelukkig** het sy ook 'n minder vleiende bynaam gehad – "vet Mary". 1

3.12 Verduidelik die titel van die leesstuk in jou eie woorde. 2

3.13 Hoe dink jy het prinses Mary gevoel oor die bynaam wat sy gehad het volgens paragaraaf 5? 1

3.14 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (3.14) en die letter (A-D) neer.

Die tema van die leesstuk is:

A Prinses Augusta was uitgeslape en intelligent.
B Prinses Mary het liefdadigheidsorganisasies ondersteun.
C Prinses Charlotte is nie die eerste prinses van Cambridge nie.
D George V het van 1910 tot en met sy dood in 1936 geregeer. 1

4.1 Skryf die volgende sin in die indirekte rede.
Kate sê: “Ek was bekommerd oor al die bohaai rondom die tweede baba.” 2

4.2 Skryf die volgende sin in die direkte rede.
Sy is gevra wat hulle gaan doen om seker te maak klein George voel nie uit nie.
Begin so: Sy is gevra: “… 2

4.3 Herskryf die volgende sin in die passiewe / lydende vorm.
Hulle het die raad met familielede gedeel. 1

4.4 Herskryf die sin en begin met die voegwoord tussen hakies.
Ons het hom probeer voorberei, maar dit gaan nog steeds vir hom ’n groot verandering wees. (Alhoewel)
Begin so: Alhoewel ons… 2

4.5 Herskryf die volgende sin in die negatiewe vorm.
Klein George het ná die geboorte saamgegaan hospitaal toe. 1

4.6 Herskryf die sin met die korrekte woordorde.
Catherine / verlede naweek / aan die paartjie se tweede kind / het / die lewe geskenk 1

4.7 Identifiseer die hoofsin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer.
Dit gaan nog steeds vir hom ’n groot verandering wees; hy is immers net 21 maande oud. 1

4.8 Identifiseer die bysin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer
Catherine en William is vasbeslote dat hul oudste op sy gemak voel. 1

4.9 Identifiseer die bywoordelike bepaling in die volgende sin:
Hulle moet nie vir klein George uitsluit, wat ook in die vertrek is nie. 1

4.10 Identifiseer die byvoeglike bepaling in die volgende sin:
Ek en William, wat beide besorgd is, het reëls vasgestel. 1

4.11 Pas Kolom A by Kolom B. Skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

| Kolom A | | Kolom B | |
|---|---|---|---|
| 5.1.3.1. | Afleiding | A | familielede |
| 5.1.3.2. | Samestelling | B | dogertjie |
| 5.1.3.3. | Samestellende Afleiding | C | gesinshuis |

3

4.12 Hoekom is die woorde “sal nie vir George uitsluit” in die titel met aanhalingstekens gekryf? 1

4.13 Hoekom word die eerste paragraaf vetdruk geskryf? 1

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

**TEKS F**

- Die taalvrae wat volg, is op die spotprent gebaseer.




5.1.1 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die vraagnommer (5.1) en die letter (A-D) neer.

Die geimpliseerde betekenis van die spotprent is dat…

A vrouens meer TV kyk as mans.
B mans minder simpatiek is oor bekendes.
C bekendes soos die koninklikes altyd in die media is.
D prinses Charlotte alreeds ‘n perskonferensie gehou het. 1

5.1.2 Hoe maak die ontwerper van die spotprent seker die geimpliseerde betekenis word oorgedra? 1

5.1.3 Hoe weet ons die baba wat die perskonferensie hou is prinses Charlotte? 1

**TEKS G**

- Die taalvrae wat volg, is op die spotprent gebaseer.




5.2 Die insek wat bokant die padda vlieg word 'n _________________ genoem. 1

5.3 Die prinses het 'n (een woord vir 'n bos blomme wat gerangskik is) _____________ in haar hande. 1

5.4 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (5.4) en die antwoord neer: 1

Die prinses hoop as sy die padda soen dat (hy nie in prins Harry sal verander nie/in prins Harry sal verander).

5.5 Die padda sit ______________ 'n boomstomp. 1

**AFDELING C TOTAAL: 40**

**VRAESTEL TOTAAL: 80**